VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die volgende week hulle verjaardag sal vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	04/02	**Gerrit Badenhorst,**. Wyk 9
		Pieter Hugo,. Wyk 8
Ma	05/02	**Harm Stavast,**. Wyk14

Bede met meelewing: Psalm 74: 16

UITNODIGING

U word hiermee hartlik uitgenooi na die Nagmaalete Sondag 18 Februarie om 12:00.
Die versoek is dat die lidmate wat die ete gaan bywoon, soos in die verlede, 'n koue slaai saambring om met die res van die gemeente te deel.
Geen koste per persoon, maar donasies is welkom.
Besprekings by Pieter Bouwsema 082 923 1384 of Malie Wyma 018 294 4600 teen Donderdag 15 Februarie.

Dankoffer-bydrae en kollektes se inbetalings

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank:

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 4 Sondag **4 Februarie 2024**
Redakteur: Rudy van der Spoel **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste.
Ouderlinge: Wyk 13 **Loffie Eloff** en Wyk 14 **Paul Schutte.**
Diakens: Wyk 13 **Pieter Bouwsema** en Wyk 14 **Jan de Vos.**
TEEBEURT: Wyksusters: 7 Marli Nortjé en 8 Mari Badenhorst

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

Ons is dankbaar dat prof. Callie vanoggend weer sy preekbeurt kan waarneem. Ons bid hom die seën van die Here op die Woord-bediening toe. Prof. Callie sal van Woensdag tot en met 4 Maart met siekverlof wees. Dit is ons bede dat die prosedures wat hy in hierdie tyd sal ondergaan, vir hom tot lewenskwaliteit sal dien.
Ds. Jannes sal vanaand weer in die erediens voorgaan.
OGGEND: Voorafsang: Psalm 122:1, 2
Tydens die diens: Psalm 118:10,11; Psalm 38:1, 8; Psalm 33:5, 6; Psalm 89:1, 2.
Skriflesing: 1 Petrus 2. **Bede met meelewing**: Psalm 74:16.

AAND: Woordbediening: Lukas 15:18-31
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 33 V & A 88 - 91.
Sing: Skrifberyming 17-2: 5, 6, 7, 8 (18) (melodie Psalm 134); Psalm 116: 1, 5, 7, 10; Psalm 19: 4, 5; Psalm 86:3, 6; Skrifberyming 2-1: 1, 2, 3, 6, 7 (19) (tweede melodie van Psalm 10).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir in die rooi sakkies ***Kerklike Tydskrifte***
Vanaand: ***Diens van Barmhartigheid*** *(blou)*en ***Kerkkas*** *(rooi)*
(Volgende week se Spesiale kollekte: ***Dankbaarheidsfonds***)

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Naomi Fraser is ontslaan uit Mediclinic en terug in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons bede is dat haar kragte steeds verder sal toeneem.

Annemarie Steyn was in Mediclinic, maar sterk nou tuis aan. Ons verseker haar van ons voorbidding vir verdere herstel.

Magda Pelser-Van der Merwe het Donderdag 'n besoek aan die spesialis in Pretoria gebring. Ons is saam met haar en Theo dankbaar dat die dokter 'n diagnose kon maak en chroniese medikasie kon voorskryf. Enkele toetsuitslae sal DV môre beskikbaar wees. Ons verseker Magda van ons voorbidding vir haar en bid dat sy spoedig die positiewe gevolge van die medikasie onder die seën van ons hemelse Vader mag ontvang.

Hermien van der Spoel het Donderdag in 'n winkel-sentrum geval en beserings opgedoen. Sy het Vrydagoggend 'n suksesvolle heupvervanging ondergaan. Ons bede is dat ons hemelse Vader aan Hermien krag en genade sal skenk in hierdie tyd.

Prof. Callie Coetzee ondergaan op 7 Februarie 'n prosedure aan sy oog in Mooimed Hospitaal. Hy moet ook op 4 Maart 'n prosedure ondergaan. Hy sal van 7 Februarie tot 7 Maart met siekverlof wees. Sr. Susan se gesondheid is ook nog onder geweldige druk. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle. Mag ons hemelse Vader u elke dag met nuwe krag versterk en beterskap en lewenskwaliteit tot eer van sy Naam skenk.

Dit is vir my 'n behoefte van die hart om die Kerkraad te bedank vir die siekverlof wat aan my toegestaan is vir die mediese prosedures van 7 Februarie en 4 Maart.
Dankie ook vir die voorbidding en wense van meelewing wat ons van die kerkraad en gemeente ontvang. Dit beteken meer as wat ons in woorde kan uitdruk. *- Prof Callie*

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Charles en Elsa Reineke** en hulle dogter **Hanlie** en Hanlie se dogter, wie se man die afgelope week in 'n fratsongeluk naby Lichtenburg oorlede is. Hulle was slegs vier maande getroud. Mag ons hemelse Vader, die God van alle vertroosting, haar en al haar dierbares ryklik vertroos en versterk.

VAN ONS KERKRAAD

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Huisbesoeke hierdie week volgens afspraak: Wyk 13 en 14.				
So	4/02	19:00	Vergaderings van ouderlinge en diakens	Konsistorie Kerkgebou
Di	6/02	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi Sitkamer
			Hoërskoolkatkisasie	Jeugkamer
Wo	7/02	18:00	B/S Studente en werkende Jeug	Jeugkamer
		19:00	Hospitaalbesoek	
So	11/02	19:00	Vergadering van ouderlinge met diakens	Kerkgebou
So	18/02		Nagmaal en gemeente-ete	

Bybelstudie by Huis Eikelaan, Dinsdag 6 Februarie om 15:00 in die rooi sitkamer. Almal welkom.

KATKISASIE

	Sondag 4 Februarie	Sondag 11 Februarie
Lesrooster:	Les 1	Les 2
Psalmvers:	Psalm 32: 4a	Psalm 32: 4b
Heidelbergse Kategismus:	Sondag 29	Sondag 30
Memoriseerwerk (Gr. 1-2)	Apostolicum, artikel 1	Apostolicum, artikel 2
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1 & 2: Wyk 13 Graad 3 & 4: Wyk 14	Graad 5 & 6: Wyk 1 Graad 7: Wyk 2

Dinsdag	6/02	15:15	Hoërskoolkatkisasie	Les 1

WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.

VAN ONS SUSTERS

SUSTERSAAMTREK 9 MAART 2024

Die tema is: ***Groei deur die seisoene***

Daar is ’n lys in die saal waarop die Susters wat die Saamtrek wil bywoon hul naam kan invul.
Die daggeld is R 180
Die Susters van ons gemeente is druk besig met die beplanning van die Saamtrek op 9 Maart 2024.
Baie dankie aan almal wat saamwerk om hierdie geleentheid mooi en goed te laat verloop.Die bestuur word gevra om eerskomende Donderdag 8 Februarie weer bymekaar te kom om verdere reëlings te bespreek.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die diakonie se koskas; koop ’n ekstra item en bring dit kerksaal toe, voor of na die diens:

Koffie, tee, lang-lewe melk, suiker, blikkies vleis, vis, mielies of bone, grondboonbotter, pasta, rys, beskuit, vars vrugte en groente met ’n lang rakleeftyd (appels, nartjies, lemoene, pere, wortels, uie, beet, kool).
Waspoeier, skottelgoedseep, seep, tandepasta, toiletpapier.
Kleiner pakkies vir gesinne van 2-4 sal waardeer word.

Die Diakonie se koskas is nog baie leeg!!

Klaas Wyma het beskikbaar vir verhuring teen R6 000pm vanaf 1 Feb te Spruitstr 76: twee groot kamers met volledig ingeboude kaste en elk hul eie buitedeur, ’n gangkas, een volledige badkamer en aparte toilet, groot volledige kombuis met baie kaste, veilige parkering; lapa, braaiplek en swembad vir gebruik na ure, gratis wifi, tuin- en swembaddienste, gratis water en krag. Ideaal vir jong egpaar, ouer paar of twee studente. Naby NWU. Kontak Klaas.

Geopende Deure

FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

Vanaf Geopende deure

Aan die begin van hierdie jaar is ek en die span daaraan herinner om te volhard. En om na Jeremia se lewe te kyk as ’n voorbeeld. Jeremia het ten spyte van ernstige, en soms lewensbedreigende uitdagings, sterk in sy geloof gestaan.
Wanneer ek terugkyk na die jaar, kan ek getuig van die Here se teenwoordigheid en getrouheid te midde van die uitdagings wat ons as bediening in die gesig gestaar het. Ek vertrou jy kan ook terwyl jy na jou jaar terugkyk.
Hoogtepunte vir ons sluit in dieper verbintenisse met ons vennote, geleenthede om die vervolgde Kerk goed te verteenwoordig, reise na verskeie bestemmings om vervolgde Christene te besoek en, ons mees onlangse, Kersfees-veldtog.
Dankie vir jou gebede en ondersteuning vir ons veldtog vir kinders. Dit gaan ’n reuse impak op die volgende generasie van gelowiges hê. Lewens gaan verander word en die toekoms herskryf word. Soos klein Jenny s’n.
Jenny is 12 jaar oud en van die Suidelike Filippyne.
Sy het ’n toekoms van beproewings, vervolging en pyn voor haar gehad – totdat ons kon intree om haar storie te verander.
Geleenthede vir skoolonderrig het gelyk of dit ver buite haar bereik is. In haar kultuur word die strewe na onderrig dikwels deur tradisies oorskadu. Baie kinders moet die bekende pad volg om te trou sodra hulle puberteit bereik.
Dit is om hierdie rede dat Geopende Deure se plaaslike vennote ’n geletterdheidsklas daar begin het om vir hulle ’n alternatiewe opsie te gee. En om hulle die geleentheid te gee om oor ’n blink toekoms te droom.
Jenny is lief vir leer. Sy floreer onder die top leerlinge in haar klas. En dit het vir haar ’n droom gegee… *“Ek wil ’n positiewe verskil in ander se lewens maak. Ek wil ’n juffrou of jeugleier in die huiskerk wees, soos my sussie, en ander help om in die geloof te groei,”* het Jenny gesê.

Jenny sal jou ook onthou – en sy wil jou bedank vir jou geskenke en gebede. *“Ek is werklik dankbaar vir die ondersteuning wat julle vir die geletterdheidsklas gegee het,”* sê sy. *“Dit het my en die ander kinders geïnspireer om groot te droom met die wete dat Jesus by ons is.”*